Die Galpil

JUNE 2009

Newsletter of the Old Boys' Union of Paarl Boys' High

The contact details of the Old Boys' Union are as follows:

Physical address: 232 Main Road, Paarl.
Snail-mail: P.O. Box 59, Paarl, 7622
Telephone: 021 872 2835

E-mail: oldboys@paarlboyshigh.org.za
Website: http://www.paarlboyshigh.org.za/oldboys

FROM OUR CHAIRMAN / ONS VOORSITTER BERIG

Greetings to all old boys and friends of Paarl Boys' High.

How extremely proud are we, as old boys, to hear all the good news and to read about all the good results that the pupils of our school achieved so far this year. Well done to all the teachers and coaches for the hard work they have done in order to further the potential skills of each boy in Boys' High.

Die Oudstudente-Unie, as een van die medeborge, was ook bevoorreg om die Gala Aand van die HJS Kultuurweek by te kon woon. Die verstommende talente van ons seuns en die toewyding van die onderwysers van die departement, het net weer bevestig dat Boys' High nog steeds die balans tussen akademie, sport en kultuur handhaaf. Groot dankie aan almal by die skool dat ons as ouers en oudstudente, nog ons kinders met trots na 'n inrigting met karakter en uiters hoë opvoedkundige normes kan stuur.

Daar waar die opbou na Interskole nou vir almal voorlê, wil ons as unie, alle seuns en afrigters sterkte toewens. Mag dit wat julle insit, beloon word en mag die herinneringe van die dag vuurmaakhout vir die oudag word.

Ons wil ook alle old boys aanmoedig om die skool in die tydperk te ondersteun, bel, of stuur 'n sms en praat met die manne by die skool en wys dat jy trots bly op die beste skool in die land.

The activities around Interschools 2009 will appear elsewhere in this edition of the Galpil. Please make sure of the relevant dates and do participate in these events. Book timeously and enjoy every moment.

You will also find the notice of the forthcoming AGM of the Union in this edition please book the 20th August and attend in numbers. This is your avenue to discuss and debate your participation on matters that concerns the Old Boy Union of Boys' High.

Die Unie wil graag dan ook die uittredende lede van die beheerliggaam bedank vir die onbaatsugtige diens gelewer aan die skool die afgelope 3 jaar. Ons besef dat dit soms maar moelik was, maar dit wat hulle as komitee bereik het, het die skool beslis in 'n beter posisie geplaas. Baie dankie dat ons die verhoudinge tussen die twee liggame kon uitbou en verbeter. Dankie vir die goeie ondersteuning in dit wat ons vir die skool probeer doen. Mag die nuwe lede wat eersdaags verkies word, voortbou op die goeie werk en mag hulle altyd strewe om die skool eerste in alles te plaas.

Die skitter prestasies van al die old boys word beslis gelees en baie geluk aan dié wat uitgestaan het in hul onderskeie vakgebiede en sportkodes. Maak egter seker dat die unie kantoor van alles ingelig word sodat die rekords by die museum op datum kan bly.

Die OSU wil dan ook net vir mnr Derek Swart baie dankie sê vir die goeie verhouding wat daar bestaan tussen die skool en die unie. Dankie vir die skitter kommunikasie kanale en die uitstuur van die Boys High Blitz. Dankie dat ons steeds deel van die skool kan voel, en wees verseker van ons ondersteuning in die toekoms.

Geniet die Galpil.

Boishaai Groete

William Clift
Chairman@paarlboyshighobu.com

2
- Ons Skoolhoof Mnr Derick Swart Berig:

3
- Mnr Arangies Boys Primary
- In Memoriam
- Louis Kachelhoffer - Matric 1942

4
- Solly Press - Matric 53
- Reüniegroepe 2009

5
- Algemene Jaarvergadering
- Wanted Alive - Old Boys Rugby Players

6
- Our School Song - The real facts
- Die Skoolwapen, - Leuse en kleure

7
- Uit die annale van die skool/ A blast from the past
- Rugby-bepalings Res van seisoen
- OBU Website information

8
- Oudstudente Unie // Prestige Klub

ONS SKOOLHOOF
MNR DEREK SWART
BERIG:

Hier by U Alma Mater gaan dit klopdisselboom! Die volgende is'n paar "eerstes" wat vanjaar hier plaasgevind het:

(1) Die eerste hokkiespan wen hul eerste wedstryd by KES se toernooi deur die magtige SACS met 4-1 te klop.

(2) Die musiekdepartement bied 'n buitelugmusiekkonsert aan op die velde voor die skool. Dit blyk besonder geslaagd te wees, en 'n groter een word beplan vir aanstaande jaar.

(3) Ons stuur 'n weeklikse "Boys' High Blitz", soms met foto's aangeheg. (Terloops, indien u dit wil lees, kontak gerus die skool)

(4) Ons tennisspanne klop Grey vir die eerste keer, en dit nogal weg

(5) Vir die eerste keer wen ons ses rugbywedstryde weg teen Grey, met lae tellings in die verloorstryde. Veral die o.15A's en B's onder die bekwame leiding van mnre. Nollies De Vries en Willie Nel, speel kookwater rugby.

(6) Ons teken die grootste telling nog aan teen teen Grey weg: 0.15
F: 42-5

En dis nou eers Meimaand!

Baie dankie en geluk aan...

- Conradie Burger en sy makkers vir die stigting van die oudstudente-krieketklub. Hulle vaar besonder goed en beloof baie goeie dinge vir die toekoms.
- Die oudstudente onder leiding van die bekende Danie Malan wat ons kom ondersteun het tydens die St. John's-Toernooi in Johannesburg! Ons het regtig lekker gekuier.
- Die jongeheer wat ons in Windhoek besoek het, trots in sy 'chiefs'-trui. Hy doen sy praktiese jaar op 'n wildplaas in die omgewing, en dit gaan baie goed!
- Nico Coetzee vir sy inspirerende fakse. Ons waardeer dit regtig Nico!
- William Clift for his sustained positive support, as well as the vigilance regarding general appearance and branding. Those e-mails are highly appreciated, William!
- Phillip du Toit vir sy harde werk met die websites.
- Rinus van der Sluys vir sy volgehoue ondersteuning.
- Baie geluk aan Loftus Marais vir die verowering van die Eugene Marais - prys (Laasgenoemde Marais natuurlik ook 'n oudstudent)vir sy digbundel, *Staan in die algemeen nader aan vensters.*
- Troy Blacklaws vir sy bekroonde boek: *Blood orange.*

Ons benodig dringend...

Boishaaistories! Ek is seker dat daar oor die jare baie snaakse stories hier afgespeel het. Stuur hulle gerus aan my, al klink dit dalk nie vir u so snaaks nie!

Ons wil ook 'n paar medium projekte loods: Ons wil o.a. die Gimnasium skuif na die ou Gim-saal, 'n lesingsaal bou waar ons ook Inligtingstegnologie kan aanbied, Werda vergroot en 'n Houtklubhuis oprig by die hokkieveld voor die skool wat ook as 'n kafeteria kan funksioneer. Daarvoor soek ons boumateriaal soos bakstene, sement, hout, asbes, elektriese werk, rekenaars, ens. Enige skenking in dié verband sal hoog op prys gestel word!

Slegter nuus...

Die rampe ontsien ook nie vir Boys' High nie. Ons dink met groot hartseer aan die families van oudstudente Ryk van Schoor en Christo Moller, vader van JD, wat ons ontval het, asook Riël Bartleman (ouer) wat tragies oorlede is aan 'n hartaanval op Bloemfontein-lughawe na afloop van die Grey-besoek. Dra ook in u gebede mnr. Jackie Sherriff, geliefde onderwyser en koshuisvader, in sy stryd teen kanker.

Alumnus:

I've started this paragraph in honour of past pupils who truly spend a lot of time in service of the school. In this issue we focus on Dr. Kobus Uys, who selflessly sacrifices many hours every day in service of his Alma Mater.

Dr. Uys word in eie reg wêreldwyd gereken as een van die bestes in sy veld. Sy donasies, veral t.o.v mediese sorg by Brugstraat, die akademie en sy tyd en kennis is vir die skool van onskatbare waarde.

Baie dankie Kobus!

Boishaaistorie:

William Clift vertel dat toe hy in gr. 8 in HJS kom, sy registeronderwyer die legendariese Chum Ochse was. Saam met hom in die klas was 'n jong man van Beaufort-Wes met 'n baie lang naam, sê maar Jakobus Johannes Lodewikus van der Merwe. In daardie jare is die register nog ingevul in sulke lang boeke met 'n blokkiesraaisel van dun lyntjies en kolommetjies. So skryf mnr. Ochse toe getrou al die name van sy nuwe klas in die register. Toe dit dié kêreltjie se beurt is om sy naam te sê, kyk die statige mnr. Ochse geskok op.

"Wat sê jy mannetjie? Herhaal bietjie jou naam?" vra hy

"Jakobus Johannes Lodewikus van der Merwe, meneer", kom die antwoord, waarop mnr. Ochse terstond die kêreltjie gryp en hom 'n goeie drag slae toedien.

Tranerig en verbaas vra die jonge man toe:

"Haai meneer! Hoekom neuk meneer my dan nou so?"

"Omdat jy my lewe so moelik maak, man!" antwoord mnr. Ochse

"Hoe meen mnr. dan nou?" wil arme Kosie weet.

" Ek meen, hoe de duiwel dink jy moet ek daai lang naam in hierdie verdomp klein kolommetjies inkry!" kom die logiese antwoord!

Boys' High-groete tot ons weer gesels!

Mr ARANGIES
BOYS PRIMARY

Ons wil graag aan alle Oud-Studente en vriende van Primêre Seunskool die volgende kommunikasie-middels tot hul beskikking stel:

www.paarlboysprimary.org.za (Ons webtuiste alle programme, wedstryde, verslae ens. is beskikbaar)

Stuur 'n epos aan email@paarlboysp.co.za om epos vanaf die skool te ontvang. (Dui aan indien u net die twee-weeklikse blaadjie wil ontvang (Die Splinter).

Foto's van alle aktiwiteite is ook op hierdie webtuiste beskikbaar.

2009 has been eventful and very busy at Paarl Boys' Primary. Our boys have been busy in academics, culture and sport.

Approximately 20 boys achieved provincial colours in different sporting disciplines. Our young swimmers and tennis players are showing a great deal of promise.

Reece Arendse is opgeneem in die Boland 0/13 hokkiespan en ons 0/13A-rugbyspan het tot op hede uitstekend gevaar 5 van ons seuns is op hierdie stadium nog in finale proefspanne. ('n interessante feit - Richard Visagie is al vir die afgelope 5 jaar deel van ons afrigtingspan.)

Mia van Huyssteen (O'Kennedy) is vanjaar by PSS in die Graad 3A-klas aangestel. (Mia is die kleindogter van mnr Spy O'Kennedy houtwerkonderwyser by HJS).

MENTONE- Koshuis. Ons herinner weer dat Primêre Seunskool wel oor 'n 15-bed koshuis beskik voornemende ouers moet asseblief vroegtydig aansoek doen. (Inligting is by die skool beskikbaar 0218724651.)

Baie dankie

Henk Arangies
Skoolhoof
harangies@paarlboysp.co.za

IN MEMORIAM

Ons neem met leedwese kennis van die volgende oud-studente en ander Boishaai Familie-lede wat oorlede is sedert ons laaste nuusbrief in Desember 2008 verskyn het.

Maj Jean Peter Blaauw	-	matriek 1937
Louis Kachelhoffer (Sien berig elders)	-	matriek 1942
James A Clift	-	matriek 1954
J C Jooste	-	matriek 1954
Hennie Louw	-	matriek 1948
Ockert Maritz	-	matriek 1949
Louw Erasmus	-	matriek 1956
Stanley Fisk	-	matriek 1957
Cois du Plessis Amerika	-	matriek 1959
Frans du Toit	-	matriek 1953
Christo Moller	-	matriek 1968
Leonard Smook	-	Tot Std. 8

Tiny Neethling (Oud Springbok) - Assosiaat lid en pa van Jean en Stephan

Mev Sieberhagen ma van Dr Kobus Sieberhagen

Dr Piet Schoeman se pa

Dr Jan Klompje se pa

Stanley en sy vrou Bretha Fisk is in April oorlede in 'n motorongeluk tydens hul vakansie in die Oos Kaap.

Riël Bartleman pa van T.W. Welman en Malan het tragies aan 'n hart-aanval gesterf op Bloemfontein-lughawe na afloop van die Grey naweek in Mei vanjaar.

Ons dra hiermee ons innige simpatie aan familie en vriende oor.

LOUIS Kachelhoffer
- Matric 1942

Louis Kachelhofer died at his home in Montagu early last month. He was 83.

Louis was a remarkable man in every way. He matriculated with distinction from Paarl Boys' High in 1942, served in Egypt and Italy with the South African Air Force during WW2, enjoyed an eminent career in banking, and distinguished himself in art and community service in Montagu when retired.

After the war Louis attended the University of Cape Town for three years before joining Barclays Bank, a company he was to serve for 33 years. His career took him to Southern and Northern Rhodesia. Passing his final banking exams with flying colours, he came home to South Africa and was immediately asked to re-write the bank's Foreign Exchange Handbook. This he accomplished in three weeks.

As Premises Manager he organised the bank's exhibitions at the Rand Easter Show, winning ten Gold Medals in the process.

When he and his wife Inez settled in Motagu in 1981, having taken early retirement due to her ill-health, they became immediately active in the community. It was Louis who persuaded the then municipality that the town's future depended greatly on

tourism and as a result the first Tourist Info Centre in the region was opened there.

He served on local, regional and provincial Tourism committees, assisted with the organisation of festivals and shows, helped found the Montagu Community Church, and was a Town Councillor for eight years. In 1988 he was voted 'Montaguer of the Year'.

At the same time Louis was busy with his art, painting and exhibiting widely, and enjoying quite a career as local correspondent for a number of major South African daily newspapers.

A remarkable man who lived life to the full and enjoyed the distinction he earned.

SOLLY PRESS

Matric 53

(27 April 1937 - 25 Feb. 2008)

Solomon (Solly) Press was born in Paarl on 27 April 1937, the son of immigrant parents from Lithuania. He attended Paarl Boys' Primary School and Paarl Boys' High School, where he matriculated at the age of 16. After briefly working for the Receiver of Revenue, he enrolled at the University of Stellenbosch, where he attained a BA in Economics and History.

Thereafter, Solly moved to Johannesburg to do his Honours in International Relations at the University of the Witwatersrand. He also did his Masters degree in International Relations, which he obtained in 1977. While he was studying, he worked for various organisations in information, research and publications roles, including the SA Jewish Board of Deputies, CSIR, SA Zionist Federation, McGraw Hill and the Automobile Association. He served for a time as a part-time International Relations tutor at Wits. One of his most interesting positions was as Head of Information, Research and Publications for the SA Foundation (SA Stigting), where he worked for Sir Francis de Guingand (formerly aide-de-camp to Field Marshall General Montgomery in the Second World War).

He made a lifelong and intensive study of Middle Eastern events, not just in Israel but in the wider Middle East, and wrote extensively on the subject. He had a vision for a regional trade organisation in the Greater Middle East, similar to the European Union today. He also enjoyed giving speeches on world current events, mainly to Jewish organisations.

He married Vivienne (née Segall) from East London in December 1978 and they were married for almost 30 years. He has a sister, Esther Surdut in Constantia and a brother, Charles Press, also a former pupil of Paarl Boys' High, who is a businessman in Paarl.

Solly's heart always belonged to the Western Cape and to Paarl. He was proud to be a former pupil of Paarl Boys' High and Stellenbosch University (and watched their rugby matches when they were on TV). He was also an avid supporter of Western Province rugby.

Solly passed away on 25 February 2008 after a short illness.

(Report received from Danie Malan - Matric 1956)

2009 REÜNIEGROEPE

Die volgende reüniegroepe beplan reünies vir 2009 tydens die Interskole week van 27 Julie tot 1 Augustus 2009

1944 Louis van Zyl
Tel 021 683 6150
Fak 021 683 7353
E-pos: lvanzyl@netactive.co.za

1954 Pierre de Villiers
Tel 023 356 2777
Sel 072 706 9722

1959 W Wagener
Sel 082 765 1894
Tel 021 854 3318
E-pos: wwdw@webmail.co.za

1964 Billy Kerwan
Sel 083 463 4874
E-pos: billy1@telkomsa.net

1969 Andrew Theunissen
Tel 264 61 237856
E-pos: bonnita@theunissenlouw.com
Gysie du Toit
Tel 023 312 3136
E-pos: gys@dutoit.com

1974 Johan Liebenberg
Sel 083 286 2648
E-pos: johan.liebenberg@kaapagri.co.za
Jacques Jordaan
Sel 082 574 5847
E-pos: horizons@global.co.za

1979 Mark Kaufman
Sel 079 673 3307
Gert Briers
Sel 084 550 0622
E-pos: classof79.paarlboyshigh@gmail.com

1984 Derek Clift
Sel 083 228 7855
E-pos: dehoop@mweb.co.za
Justin Basson
Tel 083 448 4565
E-pos: caflodge@iafrica.com

1989 Andries le Grange
Sel 082 376 9237
E-pos: andries.legrange@dlacdh.com

1994 Werner Spijkerman
Sel 082 595 2504
E-pos: wernerspijkerman@hotmail.com

1999 Georg Beckert
E-pos: georgbeckert@gmail.com
PSF du Toit
Tel 22 485 7044
Sel 72 200 5549
E-pos: psf@dutoit.com

2004 Renier Kriek
Sel 083 532 6968
Studente verteenwoordiger
E-pos: kriek@sun.ac.za

Die redaksie van die GALPIL rig dan ook 'n vriendelike versoek aan al die reuniegroep organiseerders om so spoedig moontlik na die naweek van hul reunie verslae en foto's (verkieslik in digitale formaat) aan die OSU-kantoor te stuur vir plasing in die Desember uitgawe van die GALPIL.

WANTED ALIVE: OLD BOYS RUGBY PLAYERS!

We are urgently looking for Old Boys Rugby Players to take on the Old Boys of Gimnasium in the annual Paarl Old Boys Classic rugby clash. There are two teams in two categories namely the "Over Forties" and the "Over Thirties". The venue this year is at Brug Street Paarl and the date is 29 July 2009.

Please contact organiser Jacques Coetzee on 082 775 0105.

INTERSKOLE PROGRAM : 2009

MAANDAG 27 JULIE
STUDENTE FUNKSIE
Studente byeenkoms te Tollies Stellenbosch vanaf 19H00
Skakel Renier Kriek 083 532 6968 ; E-pos: kriek@sun.ac.za

DINSDAG 28 JULIE
PRESIGE LEDE DINEE
HJS Funksie by Brugstraat Klubhuis vanaf 19H00

WOENSDAG 29 JULIE
OLD BOYS RUGBY
P.O.B.C. Old Boys Rugby te Brugstraat Paarl
Organiseerder Jacques Coetzee 082 775 0105 ; e-pos: jacques@tri-trade.co.za
Toegang: R10-00 per persoon
Biertent ; Musiek

DONDERDAG 30 JULIE
INTERSCHOOLS GHOLF
P.O.B.C. Interskole Golf te Boschenmeer Paarl
Inskrywings by OSU Kantoor: Telefoon 021 872 2835 (Francina)

KLEINBOISHAAI RUGBY
Plek: Faurestraat Veld - Paarl
Tyd: Vanaf 13H00
Hoofwedstryd: Onder 13A om 16H00

VRYDAG 31 JULIE
OGGEND
Funksie in Boishaai Skoolsaal vanaf 09H00

MIDDAG
Interskole Rugby en Hokkie te Gimnasiumvelde
Vanaf 13H45

AAND
GROOT BRAG
Groot Brag Dinee - Paarl Stadsaal vanaf 19H00
Koste: R 150-00 per persoon

LADIES BRAG
Strooidakkerksaal
Skakel H.J.S. 021 872 2875

SATERDAG 1 AUGUSTUS
SJAMPANJE ONTBYT
HJS Sjampanje Ontbyt te Bossa Nova

RUGBY
Te Faurestraat Stadion vanaf 12H00

KRYMEKAAR
Na afloop van rugby by Boishaai skoolsaal

SONDAG 2 AUGUSTUS
Kerkdiens by Strooidakkerk om 10H00

ALGEMENE JAARVERGA-DERING

Neem asseblief kennis dat die volgende Algemene Jaarvergadering van die Oudstudente-Unie sal plaasvind op 20 Augustus 2009

Datum: 20 Augustus 2009

Tyd: 19H00

Drag: OSU Das [R25.00 "donasie-boete" sal gehef word vir oortreders!]

Plek: BOISHAAI KLUBHUIS
BRUGSTRAAT PAARL

Vir spyseniering reëlings bevestig asseblief u bywoning deur die OSU-kantoor te skakel by tel 021-872 2835 tussen 09:00 en 13:00.

ANNUAL GENERAL MEETING

Please note that the next Annual General Meeting of the Old Boys' Union will be held on 20th August 2009.

Date: 20th August 2009

Time: 19H00

Venue: Boys' High Clubhouse, Brug Street Paarl.

Dress: OBU Tie [R25.00"donation fine" will be levied from trespassers!]

To assist us with the catering arrangements, please confirm your attendance by phoning the OBU office at tel 021- 872 2835 from 09:00 - 13:00.

OUR SCHOOL SONG : THE REAL FACTS!

Contributed by Mr M.C. Brand
(History Teacher (1979 - 1989)

In 1911 a committee was appointed to find a suitable school song for Boys' High. They wisely decided to have a competition with 31 October 1912 as the closing date for entries. Prize money of one guinea (R2,10) was offered for the words and music respectively , of the song accepted by the committee. When the closing date arrived, no acceptable entry had been received. Therefore the date was postponed until 30 April 1913. Eventually the entry of Mr A. de V. Esterhuyzen, an old boy was accepted as the school song and he was awarded the prize of one guinea. The Afrikaans translation was done by Ds W.H. Boshoff of Winburg in 1917. Below is the school song as it appeared in the school annual of 1913 and the Afrikaans version as it appeared in the school annual of 1917. On the next page is the school song as Boy's High uses it today.

Words of the B.H.S. Song.

Lively.

'Neath a far-famed Rock of granite grey
Stands a school the best all people say.
Boys and youths to train and educate,
Model men to rear for Church and State,
Or for tented-field, for track and sport-ing ground
And its name and fame thro' all the land resound.
For that School renowned from Berg to Vaal,
Is the Boys' High School of Upper Paarl.

From Zambesi to the Southern Sea
All thy sons uphold thy dignity,
And in ev'ry sphere and walk of life
They are ever foremost in the strife.
True and loyal comrades we shall always be
When we're stoutly fighting for the dignity
Of that School renowned from Berg toVaal.
Known as Boys' High School of Upper Paarl.
Oh! A merry set of boys are we
Both when working and when we are free,
For "Fit tandem arbor surculus"
Is the thought that cheers and braces us.
Ev'ry year examination lists proclaim
That a well known School once more sustains its name.
And that School renowned from Berg to Vaal.
Is the Boys' High School of Upper Paarl.

CHORUS:

Of all the Schools throughout the land.
"Alma Mater", thou shalt stand
Supreme and great far o'er the rest,
Highly honoured, glorious and blest!

Skool Lied

(Vertaal uit die Engels.)

Onder 'n beroemde gryse rots
Staat die beste Skool, so fier, so trots,
Waar die jongens van ons land na gaat
Om getrein te word vir Kerk en Staat,
Of vir tenteveld, of baan, of spelegrond,
En haar naam en faam klink ooral rond;
En die Skool, beroemd van Berg tot Vaal,
Jongens Hoger Skool van Bowe Paarl.

Van Zambesi tot die Suide See
Werk jou seuns hard vir jou eernaam mee,
En in elke sfeer van's lewensbaan
Tref jy hulle op die voorfront aan.
Trouw blyf ons as kamerade, dis 'n feit,
Wyl ons strydvoer vir die eer en waardigheid
Van die Skool, beroem van Berg tot Vaal.
Jongens Hoger Skool van Bowe Paarl.

O! 'n jollie klompie seuns is ons,
Of ons werk, of speel dat dit so gons.
Want "Fit tandem arbor surculus"
Is die ding waarvan ons is bewus.
Ieder jaar vertel ons die eksamenlys.
Hoe 'n seker Skool haar flickers weer kan wys
En die Skool, beroem van Berg tot Vaal.
Jongens Hoger Skool van Bowe Paarl.

Koor

Van al die skole deur die land.
"Alma Mater", is jou stand
Ver bokant oor geheel die rest.
Hoog geëer, glorieus en best.

W.H. BOSHOFF,
Winburg, O.V.S.
4 Junie. 1917

DIE HUIDIGE SKOOLLIED

Aan die voet van Paarlberg gebou,
Staan 'n skool aan sy tradisies trou.
Seuns word hier gelei en ook gebrei,
Tot 'n skone toekoms voorberei.
Deur op allerlei terreine uit te blink,
En sy roem en eer oor heel ons land weerklink.
En met trots van Suid tot oor die Vaal,
Word die H.J.S. se roem herhaal.
Van al die skole ryk aan faam
Alma Mater bly jou naam
Voortreflik groot deur roemryk werk.
Bly verrig tot heil van Staat en Kerk.

'Neath the far famed rock of granite grey,
Stands a school, the best all people say.
Boys and youths to train and educate,
Model men to rear for Church and State.
Or for tended field for track and sporting ground
And its name and fame throughout the land resound.
For the school renowned from Berg to Vaal,
Is the Boys' High School of Upper Paarl.
Of all the schools throughout the land
Alma Mater thou shalt stand.
Supreme and great far o'er the rest.
Highly honoured glorious and blessed.

DIE SKOOLWAPEN, -LEUSE EN KLEURE :

DEUR Mnr M.C. BRAND
(GESKIEDENIS-ONDERWYSER 1979 - 1989)

Die bestaande skoolwapen met leuse en kleure is in 1902 in die skool ingevoer kort nadat mnr. P.J. du Pré le Roux skoolhoof geword het.

Dit is nie bekend wie die wapen ontwerp het nie, maar die wapen is tipies van wapens wat algemeen gedurende die Victoriaanse tyd gebruik is. Die letters H J S en B H S wat onderskeidelik op die Afrikaanse en Engelse wapens gebruik word, is slegs afkortings van die skool se name en is van geen heraldiese betekenis nie. Om een skool van 'n ander te onderskei, het baie skole geleidelik daartoe

oorgegaan om wapens met 'n heraldiese betekenis te ontwerp. Die leuse "Tandem fit Arbor Surculus" word gewoonlik geskryf as "Tandem fit Surculus Arbor" (Die twygie word uiteindelik 'n boompie). (Sien ook die gebruik hiervan in die oorspronklike skoollied) Gedurende die eerste dekade van die vorige eeu het die leuse egter as "Tandem Surculus Arbor fit" op die wapen verskyn. Wanneer dit verander is, is nie bekend nie, maar teen 1922 was die huidige leuse reeds in gebruik. Die leuse was oorspronklik dié van Prins Mauritz van Oranje, seun van Willem die Swyger. Op een tydstip is dit ook voorgestel as leuse vir die Oranje-Vrystaat, maar die gedagte is laat vaar.

Die skoolkleure bestaan uit vertikale bane van donkerblou (48 mm breed) as die oorwegende kleur, wit (1.5 mm), ligblou (10 mm) en weer wit (1.5 mm).

Die wapen en kleure is eers amptelik n Desember 1935 geregistreer, nadat die "Wet tot beskerming van name, uniforms en wapens van bepaalde verenigings en inrigtings" in die Staatskoerant van 1 November 1935 gepubliseer is.

RUGBY-BEPALINGS RES VAN SEISOEN

TWEEDE KWARTAAL

DATUM		OPPONENT	
Sa.	20 Junie	Paul Roos	-tuis

DERDE KWARTAAL

Sa.	25 Julie	SACS	-tuis
Sa.	01 Augustus	Interskole	-weg
Sa.	15 Augustus	HTS Drostdy	-weg

OBU WEBSITE

The OBU website is currently in the final stages of design thanks to the efforts of Old Boy Stephan van der Walt. The address to log on to will be: www.paarlboyshighobu.com. The expected date for going live will be 9 June 2009.

Uit die annale van die skool / a Blast from the past

Babsie Truter - Mei 2009

VOORGENOME BIOGRAFIESE WOORDEBOEK: "PAARL BOISHAAI WIE-IS-WIE: 18682008."

Ons is in die finale proses van die boek se proeflees, redigering en afronding en beoog om dit in Augustus te laat druk. Ons opregte dank en waardering aan al die oud-Boishaaiers wat bydraes gelewer het, vir hul inligting en boeke betaal het, donasies geskenk het en advertensies geplaas het.

Die boek behels tans ongeveer 240 000 woorde (600 bladsye), bevat ongeveer 200 foto's en talle verhaaltjies, gesegdes en spreuke van oudskoliere, oudonderwysers en persoonlikhede wat noue bande met die skool gehad het.

LET WEL: Weens die hoë koste verbonde aan die finale proeflees en druk van die boek, veral gesien in die lig van die huidige ekonomiese klimaat, sal slegs die aantal boeke waarvoor betaling ontvang is, gedruk word. Sien ingeslote bestelvorm.

It is the responsibility of all Old Boys to ensure that their information is in the book. For the past three years we have on numerous occasions, through various media, requested information from you in newspapers, the Galpil, by e-mail, per correspondence, Facebook, sms's, the school annual and newsletters, road shows and on radio, AND YET WE STILL RECEIVE COMPLAINTS that people were not aware of the publication! Please note that after the final print-run is authorized, there is no guarantee that individuals who have not ordered or paid for the book will be able to secure a copy. Please place your order timeously to avoid disappointment and the opportunity to be in possession of this priceless historical publication.

In hierdie finale fase nooi ons u uit om die skool the besoek, te skakel of 'n e-pos, faks of brief te stuur om seker te maak dat ons u inligting het. Ons benodig ook meer foto's (insluitende gesinsfoto's), staaltjies en amusante inligting om meer kleur en verskeidenheid aan die publikasie te gee.

An example of such information include anecdotes of our school's only (?) varsity streaker (unfortunately he did not want to send a photo); the story of how a few hostel boys decided to make their own wine and pressed the grapes through a pair of jockey shorts. They hid the potent brew under a bed, but unfortunately it leaked through the floorboards and on to the hostel matron's bed! They could not decide what hurt the most the following day: their heads or their behinds.

Natuurlik is daar talle staaltjies oor die onderwysers, bv. Oubaas Inglis se pittighede; die onderwyser wat jou gestuur het om jou eie kweperlat in die beroemde kweperlaning te gaan pluk, die ontsag en respek waarmee oudstudente sommige leerkragte mee vereenselwig het en die toewyding wat hulle geinspireer het om 'n sekere studierigting of lewenspaadjie in te slaan.

Brokkies:
Wie is ons oudste (springlewendige) skoliere? (Ekserpte uit die biografiese boek)

1. Mr Bruce Lindsey, born 1911, matriculated in 1929. One of the two "Engelsmanne", with brother Keith, who had distinguished careers in the financial world. Still an active supporter of the school and visited the school last year.

2. Joubert, Dr. Daniel Jakobus (Danie) (1932-m1933)
Geb 1915. Was eers lektor en later hoof van die Wyn- en Wingerdkunde Departement aan die Universiteit van Stellenbosch. Het nog onlangs die skool besoek. Woon in Rawsonville.

3. Knott-Craig, Ian Fergus (Bones) (m1935)
Retired in 1981 as Assistant Consulting Metallurgist with GENCOR. Lives in Gauteng.

4. Basson, Jacob Daniel du Plessis (Japie) (1927-m1935)
Geb 1918. Een van ons bekendste "seuns", politikus en ondersteuner. Het reeds vier memoirs gepubliseer, waarvan hy kopieë aan die biblioteek en museum geskenk het.

ALLERLEI

Mnr Neil le Roux (1990 matriek) het vir ons sy pragtige album oor die vertoon-drilpeleton se toer na China geleen. Die genoemde HJS vertoon-drilepleton (die enigste in die land wat met bajonette geoefen het) het landswye bekendheid vir hul optredes verwerf en het in skoue op nasionale vlak opgetree. Só is hulle uitgenooi in 1990 om in Tawain te gaan optree, vergesél deur Michael Pietersen, die peletonbevelvoerder, juis omdat hul vertoning 'n streng Chineste tradisie volg wat soms as 'n "Selfmoord-Dril" bekend staan, omdat wapens soos .303 gewere en bajonette heen en weer gegooi en gevang word.

Die Paarl Post beskryf die seuns se opvoering as: "White gloves shoot out to grasp the .303 rifles firmly. Heavy boots thump in perfect unison and bayonets flash deadly silver as they are turned towards the stunned crowd. The weapons hit the ground, then gloved hands catch the butts again with rhythmic precision."(1989)

ONLANGSE SUKSESVERHALE
Dit is insiggewend hoe die jong boompies oor die hele wêreld wortel geskiet het en diep spore getrap het in hul beroepe/sport/politiek, ens. Hier is enkele voorbeelde:

Adams, Brendon Claude (m2000)
Speel vir nege jaar vir die Young Peoples Krieketklub (bekend as die Tiere) en speel nou vir die Cape Cobras nadat die keurders hom as kaptein van Boland Krieket in aksie gesien het. Hy was vir die 2005/6 seisoen gekontrakteer by die Lions. Hy het ook vir twee maande vir die Stockton Krieketklub in Engeland krieket gespeel.

Deacon, Michael-John 1996 matriek
He attended the University of Stellenbosch and obtained the B.Sc.Eng. degree and in 2006 his M.Sc.Eng. (Civil) degree. He is in his second year employed as a structural engineer and involved in the design of the Green Point Stadium for the 2010 World Soccer Cup

Van Niekerk, David Douglas (Dawie) 2000 matriek
Dawie studeer vanaf 2001-2008 aan die Universiteit van Stellenbosch, waar hy tans besig is met 'n Ph.D-graad in Fisika. Verwerf al sy grade cum laude en ontvang die Fullbright beurs in 2008. Tans sit hy sy Ph.D-studies in Kernfisika voort te Stellenbosch Universiteit en het as deel van sy opleidingsprogram in 2008 Rusland besoek.

Schmollgruber, Emmerich Hugo
Matric 2002
Schmollgruber is a soloist with Cape Town City Ballet and danced his first principal role for CTCB in "Queen at the Ballet" at the Artscape in October 2008. He was also the principal dancer in the James Bond 007 ballet production. He started his training at the age of six under the tutelage of Jennifer Klipfel. He joined the UCT School of Dance where he was trained in classical ballet; graduated three years later with a Dance Teachers diploma; then left South Africa to further his training at the Richmond Academy of Dance in Vancouver, Canada. He returned in July 2006 but left to attend the Prague International Master Classes summer course in the Czech Republic. At present dancing in the production of Ballet Mosiac in Cape Town as a principal dancer.

Die bibliotekaresse sal met graagte aan u 'n insae oor die publikasie gee indien u belang stel. Dit is in die skoolbiblioteek te besigtig (per afspraak). Dit gee u ook 'n geleentheid om te verseker dat u en u gesin se inligting so volledige moontlik vervat is.

Kontakbesonderhede: Me Babsie Truter by die skool 021 872 2875, selnommer 082 890 7371, faks 021 872 5246 of e-pos library@paarlboyshigh.org.za. (H.J.S. POSBUS 11. PAARL.7622).

Oudstudente Unie // Prestige Klub

Aan die einde van 2007 is daar 'n ooreenkoms tussen die HJS Oudstudente-unie en die Boishaai Prestigeklub bestuurskomitees bereik. Hierdie ooreenkoms het gelei tot die samesmelting van die OSU en die Prestigeklub en sal in die toekoms deur die OSU bestuur sou word.

Alle Prestigeklublede sal nou as Prestige OSU lede bekend staan. Hierdie lede behou hulle voorregte wat hulle onder die Prestigeklub gehad het. Dit sluit onder meer die volgende in: Uitnodiging na die HJS Funksie op Dinsdag voor Interskole, Uitnodigings na die HJS Sjampanje ontbyt by Bossa Nova op die oggend van Interskole en die reg op een gratis Interskole rugbykaartjie vir die eerste 10 jaar van hulle lidmaatskap. Die voorwaarde is dat hulle hiervoor moet aansoek doen.

Jaarlikse ledegelde van R150 is dan ook betaalbaar aan die OSU deur lede van die Prestigeklub.

Graag wil ons 'n beroep doen op alle Prestigeklublede om hul e-pos adresse, selnommers en posadresse aan ons te stuur om hierdie oorgang so glad as moontlik te kan laat verloop.

William Clift // Richard Visagie